FRONT PANEL

Kill-All Pellets

Reg. No: **L7162** Act/Wet No 36 of /van 1947

RAT AND MOUSE PELLETS
ROT EN MUIS KORRELS

For the control of the Norway rat *(Rattus norvegicus),*
roof rat (*Rattus rattus)* and the house mouse (*Mus musculus)*.
Vir die beheer van Norweegse rot *(Rattus norvegicus),*
dakrot (*Rattus rattus)* en die huismuis (*Mus musculus)*.

Active ingredient:
Aktiewe bestanddeel:
Brodifacoum (anticoagulant)….0,02 g/kg
Brodifakum (antikoagulant)….0,02 g/kg

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER:
Almond Agro Chemicals (Pty) Ltd / (Edms) Bpk
Reg. No. 1997/006442/07
P.O.Box / Posbus 188,
Van Riebeeck Park, 1629

Lot No.:
Expiry date / Verval datum:

500 g

HARMFUL / SKADELIK

[Yellow colour band]

SYPANEEL

WAARSKUWINGS: Hanteer versigtig. Hou buite die bereik van kinders, oningeligte persone en diere. Bewaar weg van voedsel en voer. Giftig indien ingesluk en met langdurige velkontak. Giftig vir visse, voëls en diere. In geval van vergiftiging ontbied 'n dokter en stel hierdie etiket tot sy beskikking.

VOORSORGMAATREëLS: Voorkom aanraking met vel. Dra handskoene wanneer produk hanteer word. Vermy besoedeling van enige kos, eetgerei en drinkwater. Plaas lokaas buite bereik van kinders en diere. Was hande en ontblote vel na hantering. Vernietig leë houer en moet dit vir geen ander doel gebruik nie. Begrawe alle dooie knaagdiere en enige lokaas wat oorbly na beëindiging van die behandeling.

SIMPTOME VAN VERGIFTIGING: Bloeding van die tandvleise en neus, onderhuidse bloeding, bleekheid, swelling en teerheid rondom die elmboog- en kniegewrigte. Bloed in urine en ontlasting, en abdominale pyn mag voorkom.

EERSTEHULP BEHANDELING: Verwyder pasiënt van die bron van vergiftiging en hou hom kalm en gerusgestel. Neem pasiënt ONMIDDELLIK na die naaste geneesheer. Moet nooit enigiets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie en moet nie vomering induseer nie.

NOTA AAN GENEESHEER: Dien 5 mg/kg Vit. K_1 intraveneus toe op die eerste dag, gevolg deur 'n addisionele toediening van dieselfde dosis indien die protrombiene tyd nie normaliseer binne 'n paar uur na die eerste inspuiting nie. Volg op met 5 mg/ kg/ dag mondelings op die tweede en daaropvolgende dae. Die duur van die behandeling is gewoonlik tussen 10 en 15 dae. In ernstige gevalle kan klein oortappings vars bloed gegee word.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

Vir gebruik in huise, op plase en industriële persele. ***Kill-all Pellets*** kan rotte en muise na 'n enkelvoeding dood. Knaagdiere sal binne 4 – 12 dae vrek.

1. Noorweegse Rot en Dakrot: Plaas ***Kill-all Pellets*** in 'n bedekte aashouer ten einde toegang vir kinders en troeteldiere onmoontlik te maak. Plaas 50 – 75 g ***Kill-all Pellets*** per aashouer elke 5 –10 m al langs mure of rotpaadjies, in rot-gate en beskutte areas waar dit bekend is dat rotte bly of eet. Aashouers moet elke 7 dae ondersoek en aas bygevoeg word totdat dit nie meer geëet word nie.

2. Muise: Plaas 15 – 20 g ***Kill-all Pellets*** per aashouer elke 2 – 4 m al langs die mure of rotpaadjies, in neste en beskutte areas waar dit bekend is dat muise bly of eet. Die enkelvoedingsinname van ***Kill-all Pellets*** is veral effektief teen muise met hulle klein eetlus en sporadiese voedingsgewoontes.